

KNIP: 'n Uiltjie knip (knyp): So 'n bietjie slaap: To take a nap.

Nie 'n knip voor (vir) sy neus werd wees nie: Baie min beteken: Not worth a straw.

KNIPMES: So gou as jy kan sê knipmes: Baie gou: Before you can say Jack Robinson.

Buig soos 'n knipmes: Oorbeleaf wees: To be very servile.

'n Perd knipmes ry: Die perd met krom nek laat loop: To make a horse prance.

Sy lyf knipmes hou: Na 'n nooi wil vry: To have intentions towards a girl.

KNIPPELDIK: Knippeldik eet: Baie eet: To eat one's fill.

KNOLLE: Iemand knolle vir sitroene verkoop: Iemand allerhande dinge wysmaak: To make a person believe the moon is made of green cheese.

KNOOP: Daar's 'n knoop in die draad: Moeilikheid; teleurstelling: There's a rift in the lute.

Baie knoop: Baie vloek: To swear like a trooper.

Die knoop deurkap: Die beswaar deur 'n kragtige besluit verwyder: To cut the Gordian knot.

Daar sit die knoop: Daar is die moeilikheid: That is the hitch (rub).

'n Knoop in die sakdoek maak: Iets probeer onthou: To try to remember something.

Die knoop sit aan die end van die riem: Pasop vir die gevolge: Merry is the feast-making till we come to the reckoning.

KNOP: 'n Knop: 'n Minder beskaafde persoon: An uncouth fellow.

Iemand 'n knop draai: 'n Poets bak; iemand iets slegs aandoen: To play a trick on a person.

'n Knop in die keel: Van aandoening nie kan praat nie: To have a lump in one's throat.

In sy knoppies (noppies) voel: Baie gelukkig of tevrede wees: To be in high feather.

KNYP: In die knyp wees: In die moeilikheid wees: To be in a scrape.

KOEËL: Die koeël is deur die kerk: Die saak is beslis, daar is niks meer aan te doen nie: The die is cast.

'n Koeël is te goed vir hom: Hy is baie sleg; hy is 'n skurk:: He is a scoundrel.

KOEI: Dis nie die koei, wat die hardste bulk, wat die meeste melk gee nie: Die luidrugtige persoon doen gewoonlik nie baie nie: It is not the hen that cackles most that lays the biggest egg.

Moenie ou koeie uit die sloot haal (grawe) nie: Moenie weer pynlike herinneringe opwek nie: Let bygones be bygones.

Oor koeitjies en kalfies praat: Oor allerlei nietige dinge praat: Small talk.

KOEIPAAL: Soos 'n koeipaal op die plaas: Gebruik van iemand wat baie lui is: An indolent person.

KOEK: Die koek het in die as geval: Dis 'n mislukking: It's a failure.

KOERASIE: Hy is 'n man van koerasie: Hy is 'n dapper, moedige kêrel: He is brave, courageous.

KOERLAND: Van Koerland se vleis eet: Baie lui wees: To be very lazy.

KOESKOP: Soos 'n koeskop-bok lyk: Sy hare is plat op sy kop geborsel: Used of a person who brushes his hair smoothly.

KOFFIE: Koffie soos die kan hom skink: Wees tevrede soos jy dit kry: Take things as they come.

KOK: As kok en koksmaat rusie kry dan hoor jy waar die spek gebly het, of As kok en kok se maat rusie kry, kom dit uit waar die sopvleis bly: As twee samesweerders rusie kry dan openbaar hulle mekaar se geheime: When two accomplices quarrel their deceit comes to light.

KOL: 'n Kol skiet: } Iets goed doen: To do something well.
Die kol raak: }

KOMBERS: Onder een kombers slaap: In alles saamstem met mekaar: To be hand and glove together.

Hulle kombers is geskeur: Gesê as 'n man en vrou geskei is: They have been divorced.

KOMBERSSTEM: Kleurlingstem in die Kaap: The coloured vote.

KOMBUIS: Hy is by die kombuis langs: Hy het swart bloed in sy are: He has a touch of the tar brush.

Iemand het in die kombuis groot geword: Hy het baie lelike maniere: He is ill-mannered.

KOMKOMMERTYD: 'n Tyd waarin daar niks van belang gebeur nie en nuus maar skaars is: A dull, slack season.

KOMPAS: Sy kompas staan stil: Hy weet nie wat hy moet doen nie: To be in a fix.

KONFYT: Konfyt wees in iets: Op die hoogte wees daarvan: To be au fait with something.

KONING: Hy verbeel hom hy is die koning se hond se oom (neef): Hy is baie hoogmoedig: To be very conceited.

KONTANT: Iemand is te kontant met....: Hy is baie gou gereed met, baie reguit met....: To be too ready with.

KOOI: Dit sit hom in die kooi: Dit gee hom hoofbrekings: He has to rack his brain over it.

KOOL: Iemand 'n kool stoof: Iemand 'n poets bak: To play a trick on a person.

Kool sonder spek: Kêrels sonder nooiens (of andersom): A cock (or hen) party.

Die kool is die sous nie werd nie: Die saak is nie die moeite werd nie: The game is not worth the candle.

Op hete kole sit: In groot angs of onrus wees: To sit on pins and needles.

Iemand oor die kole haal: Iemand goed berispe: To haul someone over the coals.

Vurige kole op iemand se hoof hoop: Deur kwaad met goed te vergeld die vyand pyn aandoen: To heap coals of fire on a person's head.

By my koliewaar: Dit is die reine waarheid: By my faith.

KOOP: Met iets te koop loop: Iets oral rond vertel: To show off.

KOORS: Iemand se koors is hoog: Gesê van 'n haastige persoon: A hasty person.

KOP: Die kop bo die water hou: Met moeite genoeg verdien, om aan lewe te bly: To keep one's head above water.

Sy kop in 'n bynes steek: Jou met 'n saak bemoei, wat groot moeilikheid sal veroorsaak: To bring a hornets' nest about one's ears..

Kop bymekaar hou: Al sy aandag aan een saak wy: To pay undivided attention to one matter.

Sy kop laat hang: Moed opgee: To lose heart.

Dit laat hom sy kop krap: Hy weet nie wat om te doen nie: To rack, or cudgel, one's brains.

Kop in een mus: In alles met mekaar saamstem: To be hand and glove together.

Iemand stamp sy kop: Hy misgis hom; raak teleurgestel: To run into a noose.

Iemand se kop was: Hom goed berispe: To give a person a bit of your mind.

Iemand van kop tot voete (tone) opneem: Hom van bo tot onder bekyk: To eye a person from top to toe.

Sy kop in die skoot lê: Hom onderwerp aan sy lot: To submit to his fate.

Iemand voor die kop, maar nie in die krop sien nie: 'n Mens oordeel na die uiterlike: One judges by appearances.

Nie kop of stert van iets kan uitmaak nie: Daar nie die minste begrip van kan kry nie: Not to be able to make head or tail out of a matter.

Kop in die strop steek: Hom met iets inlaat, waaruit hy nie weer maklik kan kom nie: To run one's head into a noose.

Iemand se kop tussen sy ore sit: Hom op sy plek sit: To keep someone in his place.

Sy kop is op hol: Hy weet nie meer wat hy doen nie: His head is turned.

Kop uittrek: Terugtrek uit 'n saak: To withdraw from an affair.

Sy kop is deur: Hy het 'n sukses daarvan gemaak en nou sal dit goed gaan: He has feathered his nest.

Iemand iets voor die kop gooi: Iemand verwyf: To throw something in another's teeth.

Sy kop staan soontoe: Hy is van plan om 'n besonder iets te doen: He intends doing something.

Iets in die kop kry: 'n Plan kry: To take into one's head.

Met die kop voor die bors loop: Skaam en terneergedruk voel: To feel dejected.

Sy eie kop dra: Vir homself dink: To think for oneself.

Iemand oor die kop kyk: Nie raak sien nie; hoogmoedig wees: To be conceited.

As jy nie daar is nie word jou kop nie gewas nie: 'n Mens moet altyd op tyd wees: You must be punctual to have the full benefit of something.

Iemand laat nie op sy kop sit (trap) nie: Hy laat nie oor hom baasspeel nie: He is not to be fooled; he fights for his rights.

Sy kop verloor: Beheer oor homself verloor: To lose one's head.

Sy kop breek oor iets: Hom bekommer oor iets: To rack his brains over something.

Sy kop verloor: k y k Kop op hol.

Twee koppe is beter as een, al is een maar 'n skaapkop: Twee persone kan beter iets doen as een: Two heads are better than one.

Kop-en-kop: Heeltemal gelyk uitkom: A dead heat.

Kopskote gee: Antwoorde gee wat tref: To reply to the point.

Kopsku: Bang, omdat hy reeds sleg behandel is: Bridle-shy.

KORING: Ook groen koring op die land hê: Ook nog jong kinders hê, wat kan verkeerd gaan: Also have children who can still go wrong.

Dit is koring op sy meul: Dis net wat hy wil hê: That is grist to his mill.

'N KORRELKOP: 'n Nukkerige, rusiemakerige vent: A grumbler.

KORT: Te kort kom: Nie ver genoeg kom in die vervulling van sy plig nie: To fall short.

Kort van draad: Gou kwaad word: Quick-tempered.

Iemand te kort doen: Nie alles gee, wat hom toekom nie: To do an injustice.

Iemand kort hou: Iemand oppas, sodat hy nie kan maak, wat hy wil nie: To keep a tight hand upon a person.

Te kort skiet: Nie genoeg (krag) hê nie; die doel nie bereik nie: To fall short; to fail.

Iemand is kort gespan (vas, gekniehalter, gebaker): Word gou kwaad: Quick-tempered.

Dis hier te kort en daar te lank: Daar is allerhande besware en ekskusies: To raise many paltry objections.

Alles kort en klein slaan: Alles wil breek: To smash everything to atoms.

Kort en bondig: Kort en kragtig: Short and pithy.

KOS: Iemand die kos uit die mond kyk: Gebruik van 'n hongerige persoon, wat 'n ander staan en aangaap as hy eet: To stare at a person who is having his meal.

As die kos koud word, word die vrou warm: Die vrou word kwaad as die kos op die tafel is en die man sloer: The housewife gets annoyed when the dinner gets cold.

KOU: Sy hand nie in kou water steek nie: Hy leef gemaklik: To live comfortably.

Kou water op iemand se planne gooi: Iemand ontmoedig: To discourage somebody.

KOUDLEI: Iemand koudlei: Iemand op 'n geslepe manier bedrieg: To put a person off the scent.

KOUDSIT: Iemand koudsit: Iemand in iets oortref: To surpass somebody.

KOUS: Met die kous op die kop terugkom: Teleurgestel terugkom: To return with empty hands.

Iemand se kouse is vol ertappels: Is vol gate: His stockings are in holes.

KOUTJIE: Eers die koutjie dan die vroutjie: Maak eers die huis klaar en trou dan: Provide the home, before you marry the girl.

KRAAI: Iemand staan of die kraaie sy kos opgeëet het: Verleë wees: Timid-looking.

Iemand voel soos 'n kraai met pouvere: Hy voel baie ongemaklik: To feel out of place.

'n Vlieënde kraai het altyd wat: 'n Persoon wat baie rondgaan, vind altyd iets uit of kry iets in sy voordeel: Jackals never go empty.

Elke swart kraai dink sy eier is die witste: 'n Persoon verbeel hom altyd, dat sy eie goed die beste is: Everybody thinks his own geese swans.

Deur die kraaie bespreek: Gesê van 'n baie maer dier: A lean, bony animal.

Die kraaie gaap; Geen kraai kan dit hou nie: Dit is baie warm: The weather is sultry.

So maer soos 'n kraai: Besonder maer: As lean as a rake.

KRAAK: Die wyn het 'n krakie: Die wyn is nie heeltemal goed nie: There is something wrong with the wine.

KRAAL: Dit is net so in my kraal: Net wat ek verlang: That suits me to a T.

In iemand se kraal kom: Probeer meeding waar 'n ander meen dat hy alleen reg het: To compete with someone who has the monopoly.

KRAAM: Nie in iemand se kraam te pas kom nie: Nie wat hy verlang nie: That does not suit his book.

KRAG: Ou kragte uithaal: Sy uiterste bes doen: To exert oneself to the utmost.

KREDIET: Iemand sê meer as wat hy krediet voor het: Gesê as iemand te ver gaan in sy bewerings en beskuldigings: To assert too much.

Iemand vir iets krediet gee: Meen dat iemand iets kan doen: To give a person credit for a thing.

KREEFTEGANG: Kreeftegang gaan: Agteruitgaan: To go backward.

KRETIE: Die Kretie en Pletie: Almal, selfs die laagste ook: Tom, Dick and Harry.

KREUPEL: Die kreupele wil altyd voordans: Mense wat niks met 'n saak te doen het nie en ook die minste daarvan weet, wil altyd die grootste sê daarin hê: The unskilled always have the most to say.

KRIEK: 'n Langasem kriek: Iemand wat gedurig oor dieselfde ding neul: A troublesome person.

- KRIMINEEL:** Dit het krimineel (krap) gegaan: Dit het besonder swaar gegaan: It was uphill work.
- KRIP:** Iemand staan aan die krip: Hy het 'n goeie betrekking: To have a good position.
- KRISMIS:** Krismis kom net eenmaal in 'n jaar: Laat ons eet, drink en vrolik wees, want ons kan nie elke dag feesvier nie: Life is not all beer and skittles.
- KROMHOUTSOP:** Kromhoutsop gedrink hê: Dronk wees: To be tipsy.
- KROES:** Kroes voel (wees): Siekerig wees, lyk: To feel seedy.
- KROKODILTRANE:** Trane van geveinsde smart of berou: Crocodile tears.
- KROON:** Iemand na die kroon steek: Met iemand wedywer: To vie with a person.
 Die kroon span: Ander oortref: To excel.
 Die kroon op iets sit: Iets eervol voltooi: To finish splendidly.
 Dit kroon alles: Dis nog die beste van alles: That crowns everything.
- KROP:** Dit steek in my krop: Dit hinder my: It goes against the grain.
- 'N KRUIDJIE-ROER-MY-NIE** of **Truitjie-roer-my-nie:** 'n Nukkerige vent: A touchy fellow.
- KRUIP:** In sy skulp (skild, dop) kruip: Bang word; nie so'n hoë toon aanslaan nie: To come down a peg or two.
 Voor iemand kruip: Hom bid en smeek; hom baie onderdanig wees: To cringe before a person.
 Eers kruip, dan loop: Klein begin: Begin on a small scale.
- KRUIS:** 'n Paar kruisies (x) agter die rug hê: Al taamlik oud wees: To be well advanced in years.
- KRUIT:** Hou jou kruit droog: Berei jou goed voor vir die stryd: Keep your powder dry.
 Kruit en vuur wees: Hulle is kwaai-vriende: To be at loggerheads.
 Iemand se kruit is nat: Gesê van iemand wat sy doel nie kan bereik nie: He won't realise his purpose.
- KRUIWA:** Iemand het 'n kruitwa: Iemand wat hom deur sy invloed vooruit help: To have someone to back you.
- KRUMMEL:** Krummels is ook brood: 'n Mens moet geringe dinge ook in ag neem: Small things also count.
- KRY:** Het jy dit of kry jy dit? Van iemand gesê, wat laf is en so ergernis veroorsaak: What is amusing you?
 Iemand onder die klippe, ens., kry: Hom met klippe gooi, met 'n lat slaan: To throw stones at somebody, etc.

KUIER: Iewers kuier: Iewers vry: To visit somewhere.
KUIKEN: Nog sommer 'n kuiken: 'n Pure kind: To be a mere child.

Moenie die kuikens tel, voordat hulle gepik is nie: Moenie op iets staat maak wat nog moet gebeur nie: Don't count your chickens before they are hatched.

KUIKENMOORD: Kuikenmoord pleeg òf Iemand vir kuikenmoord opbring: Gesê van 'n groot persoon, wat 'n kleiner een wat nie sy pertuur is nie, seer maak: To bully.

KUS: Te kus en te keur gaan: Te maak net soos 'n mens lekker kry: To indulge one's fancy.

KUIL: Graaf jy 'n kuil (put, gat) vir 'n ander, dan val jy daar self in: Wil jy 'n ander in die moeilikheid bring, dan oorval die ongeluk jou dikwels: Harm watch, harm catch.

KUNS: Dit is geen kuns nie: Maklik genoeg om te doen: That is easy enough.

KURANG: K y k Kiering.

KUSSING: Op die kussing sit: Die regerende party wees: To be in power.

KWAAD: Die gaan van kwaad na (tot) erger: Dit word elke dag slegter: It becomes worse every day.

KWAADGELD: Vir kwaadgeld rondloop: Ledig rondloop en allerhande kwaad doen: To get into mischief through indolence.

KWAGGAPOLITIEK: Kortsigtige, dom politiek: Short-sighted politics.

KWALIK: Iemand iets kwalik neem: Ontevrede wees met iemand oor iets: To take exception to something.

KWANSEL (Verkwansel): Verkoop, verruil, mors: To barter, exchange, waste.

KWAS: Dit aan sy kwas kry: Die skuld vir iets dra: To bear the blame.

Na sy kwas skop: Baie bly wees: To be hale and hearty.

Dis baie van sy kwas: Dis iets wat hy sal voel: He will feel it.

KWIK: Jy kan kwik (kik) of kwak: Jy kan maak wat jy wil: You can do what you like.

KWINT: Iets (iemand) kwint: Slaan, doodmaak: To kill.

L.

LAAG: Iemand die volle laag gee: Iemand ernstig aanval òf baie slegsê: To attack or rebuke.

LAAI: 'n Ou laai van hom: 'n Ou streek of gewoonte: An old trick.

LAAISTOK: Dit lyk of hy 'n laaistok ingesluk het: Gesê van 'n persoon wat besonder regop loop: He looks as though he swallowed a ramrod, or poker.

LAASTES: Baie laastes sal die eerstes wees: Spottend gesê van persone wat probeer om hulle op die voorgrond te stel en dan met 'n beskeie plekkie tevrede moet wees; die geminagte kan nog uitblink: The last shall be first, and the first last.

LAAT: Jy is laat: Die saak is al heeltemal agtermekaar; jy's verspot: I don't think!

Beter laat as nooit: Liewers laat as gladnie: Better late than never.

Is dit so laat met hom: Staan sake so? Is that the state of affairs?

LAG: Wie die laaste lag, lag die lekkerste: Moenie jou verheug, voordat jy van die uitslag heeltemal seker is nie: He who laughs last, laughs best.

In sy vuig lag: Hom stilletjies verheug in die leed van 'n ander: To laugh up one's sleeve.

Iemand lag hom 'n skapie: Gesê van iemand wat lekker lag: To laugh oneself limp.

LAKENS: Die lakens uitdeel: Die baas speel: To rule the roost.

LAMSAK: 'n Pap, niksbeduidende vent: A lazy fool.

LAND: Land en sand aanmekaar praat: Baie praat: To talk unceasingly.

Die land aan iets hê: Nie van iets hou nie: To detest something.

Lank in die land, bietjie baard, maar klipsteen hard: 'n Erfare persoon: An experienced person.

LANG: Lang trane huil: Hartstogtelik huil: To sob one's heart out.

LANGOOG: Iemand is 'n langoog: Hy hou van ander mans se vrouens of andersom: Fond of other people's wives or vice versa.

Lang-oog trek: Jaloers wees: To be jealous.

LANGSLEWENDE: Die langslewende erf niks nie: Die boedel is bankrot: To be insolvent.

LANGWERPIG: Die wêreld het toe langwerpig geword: Dit het swaar gegaan om uit die moeilikheid te kom: Troubles accumulated.

LANK: Dit is so lank as wat dit breed is: Dit maak nie verskil nie, dis dieselfde: It is six of the one and half a dozen of the other.

Lank van draad wees: Nie gou kwaad word nie; langdradig wees: To bear much; to be longwinded.

Jy kan lank wag: Dit sal nooit gebeur nie: That will never happen.

LANS: 'n Lans breek vir 'n saak (persoon): Om iets ('n persoon) aan te prys of 'n saak ('n persoon) te verdedig: To break a lance for a person.

LANTERN: Groot lantern, weinig lig: Sarkasties gebruik van iemand wat in jou lig staan: Said ironically to a person who stands in the light.

LAPPE: Op die lappe kom (bring): Word geopenbaar; kom ter sprake: To come (bring) up for discussion.

'N LAPIESMOUS: 'n Persoon wat op vertoon van monsters, bestellings vir die goed neem: A commercial traveller.

LARIE: Dis larie: Dis onsin: Fiddlesticks!

LATER: Hoe later, hoe kwater: Hoe langer dit duur, hoe erger word dit: The longer it lasts, the worse it becomes.

LAWAAI: 'n Lawaai van die ander wêreld: 'n Besonder groot lawaai: A noise to rouse the dead.

LAWAAIWATER: Brandewyn; 'n luidrugtige persoon: Whiskey; a noisy person.

LÊ: Daar lê die ding (knoop): Dis juis die moeilikheid: Ay! there's the rub.

LEDE: Iets met lede oë aanskou (aansien): Iets met verdriet aansien; jaloers wees daaroor: To eye with envy.

LEDIGHEID: Ledigheid is die duiwel se oorkussing: As 'n mens niks te doen het nie, kom hy in allerlei versoekings: Idleness is the root of all evil.

LEEF: Leef en laat leef: Ander ook iets gun: To live and let live.

Te min om van te leef en te veel om van dood te gaan: 'n Inkomste hê wat net groot genoeg is om die allerdringendste benodighede te koop: To have an income just sufficient to buy the bare necessities of life.

LEER: Leer om leer: Iemand net so behandel as hy jou behandel het: Tit for tat.

LEERGELD: Duur leergeld betaal: Baie skade kry, terwyl 'n mens ervaring opdoen: To pay dearly for one's experience.

LEES: Iets op dieselfde lees skoei: Dit op dieselfde ou manier doen: To cast in the same mould.

LEIDAKKIE: Dit gaan van 'n leidakkie: Dit gaan maklik: It goes very smoothly.

LEKKER: Lekker is 'n vinger lank: Alle genot duur nie lank nie: Pleasures are not lasting.

'n Lekkerbek: 'n Persoon wat graag lekker eet en drink: An Epicurean; to have a sweet tooth.

Lekkerlyf wees: Half dronk: To be tipsy.

LELIK: As lelik siekte was, dan was daardie kêrel al lankal dood: Gesê van 'n lelike mens: He is very ugly.

LEPEL: Tussen die lepel (hand) en die mond, val die pap op die grond: kyk Mond.

Lepel in die dak steek: Doodgaan; ophou; bankrot raak: To die; become insolvent.

Met 'n goue lepel gebore wees: Baie voorspoedig wees; talentvol: To be born with a silver spoon in your mouth.

Lepel-lê: Gebruik as 'n paar persone, wat bymekaar slaap, so nou lê, dat as een hom omdraai almal in dieselfde rigting moet draai: Lying spoonwise.

LÊPLEK: 'n Lêplek iewers maak: Daar baie, tot vervelens toe kom: To visit the same people continually.

LERINGE: Leringe (woorde) wek, maar voorbeelde trek: Dis beter om te wys hoe, as net te sê hoe, iets gedoen moet word: Example is better than precept.

LES: Iemand die les lees: Iemand streng berispe: To give someone a bit of one's mind.

LET: Dit let my nie: Dit traak my nie: It does not concern me.

Les opsê: Onder die tong verby kom; verantwoording doen: To be rebuked.

LETTERS: Iemand het baie letters geëet: Is geleerd: A learned person.

LEUEN: Al loop die leuen nog so snel, die waarheid agterhaal hom wel: Leuens kom almal uit: Liars have short wings; a lie has no feet.

'n Leuen in nood is so goed soos 'n stukkie brood: 'n Leuen om jouself of 'n ander uit die moeilikheid te help: A lie comes in handy when one is in a difficulty.

'n Leuen om beswil: 'n Leuen met 'n goeie doel: To sell your soul for a pal.

LEVIETE: Iemand die Leviete lees (voorlees): Iemand berispe: To lecture a person.

LEWE: Tussen lewe en dood: Byna dood: Touch and go.

Nie sy lewe seker wees nie: Daar bestaan gevaar, dat hy van sy lewe beroof sal word: Not to be sure of one's life.

Lewe in die brouery: Dit woel en werskaf weer: To make things hum.

LEWENDIG: Lewendig dood: Baie stadig: Dead and alive.

LEWENSdraad: Iemand se lewendraad is geknip: Hy is dood: The thread of a person's life has been cut.

- LEWER:** Wat het nou weer oor jou lewer geloop?: Wat het jou oorgekom, dat jy so nukkerig is? What has stirred your bile?
- 'n Droë lewer:** Iemand wat baie drink: A dry liver.
- 'n Vlieg het oor sy lewer geloop:** Hy is in 'n slegte bui: To be in a bad mood.
- LIE:** Iemand lie maak: Iemand onder 'n verkeerde indruk bring: To give someone the dummy.
- LIED:** Hulle sit die lied te hoog in: Gesê van mense wat dadelik na die eerste kennismaking danige groot vriende is en later weer afkoel: Familiarity breeds contempt.
- Altyd die ou liedjie sing:** Altyd oor dieselfde ding praat: To harp on the same string.
- Iemand 'n ander liedjie laat sing:** Hom anders laat praat: To make a person sing another tune.
- LIEF:** Iets vir lief neem: Kyk Verlief.
- LIEFDE:** Van liefde en kou water leef: Gesê van 'n paar wat maar net altyd wil vry: To live on love and moonshine.
- Liefde is blind:** 'n Mens sien nie die gebreke in die voorwerp van jou liefde nie: Love is blind.
- Ou liefde roes nie:** Die liefde wat 'n mens eenmaal vir 'n persoon gehad het, gaan nooit heeltemal weg nie: First love never dies.
- LIEG:** Lieg of dit geskryf staan: Die onwaarhede baie goed agtermekaar sit: To lie like a gas-meter.
- Lieg dat 'n mens dit met 'n stok (tang) kan voel:** Vreeslik baie: To tell lies by the score.
- Lieg soos 'n tandetrekker ('n perd wat skop):** Vreeslik baie: To tell lies by the score.
- LIER:** Die lier aan die wilger hang: Treur: To hang one's harp on the willow.
- LIGGERAAK:** Gou kwaad word: Touchy.
- LINKS:** Nie links wees nie: Nie dom wees nie: To be no fool.
- Iemand links laat lê:** G'n notiesie van iemand neem nie: To give a person the cold shoulder.
- LINKERHAND:** Die linkerhand moenie weet wat die regter doen nie: As 'n mens iets goed doen, dan moet hy dit nie oral rondvertel nie: The left hand shall not know what the right one does.
- LIP:** Sole uit iemand se lippe kan sny: Hy is baie kwaad: He is in a temper.
- Aan iemand se lippe hang:** Aandagtig na sy woorde luister: To listen attentively to a person.
- Iemand se lip hang:** Teleurgesteld voel: To feel downhearted.

- LOEF:** Iemand se loef afsteek: Iemand voorspring: To outdo (outwit) a person.
- LOESING:** Iemand 'n loesing gee: Iemand 'n pak slae gee: To give a person a sound dressing-down.
- LOF:** Eie (uie-) lof (roem) stink: Dit is lelik om jouself te prys: Self-praise is no recommendation.
- LLOPOT:** 'n Persoon wat met alles ontevrede is: A troublesome person.
- LONG-TOM:** 'n Staatmaker: A mainstay, prop.
- LOOD:** Die laaste loodjies weeg die swaarste: Die laaste deel van 'n werk eis dikwels die meeste kraginspanning: The last mile is the longest; it is the last straw that breaks the camel's back.
Mekaar lood: Mekaar skiet: To fire at each other.
Die loodjie lê: Die mindere wees: To be the least.
Loodpille: Koeëls: Bullets.
- LONT:** Lont ruik: Suspisieus word: To smell a rat.
- LOOI:** Iemand looi (uitlooi): Iemand 'n pak slae gee: To give a person a sound dressing-down.
- LOON:** Sy verdiende loon: Net wat hy verdien het: That is just what he deserved.
- LOS:** Los en vas lieg: Baie onwaarhede vertel: To tell lies by the score.
Losvoor wees: Ander ver oortref: To be far ahead.
- LOSIES:** Vry losies; losies op staatskoste: Skertsend gesê vir in die tronk wees: To be in gaol.
- LOSKRUIT:** Met loskruit skiet: Skrik maak: To frighten.
- LOSSTEEK:** Iemand kom lossteek: Aanval, slegsê: To rebuke, reprimand.
- LOT:** Laat hom aan sy lot oor: Bemoei jou nie met hom nie: Leave him alone.
- LOTJIE:** Van die lotjie getik wees: Iemand is nie heeltemal by sy verstand nie: To be off one's nut; crazy.
- LOUERE:** Op sy louere rus: Nie meer werkend optree nie, nadat 'n mens deur eie inspanning eer behaal het: To rest on one's laurels.
- LUG:** Sy geleerdheid lug: 'n Ydel vertoon van sy kennis maak: To show off one's learning.
Sy hart lug gee: Uitpraat, sê wat in sy hart is: To speak one's mind.
Uit die lug gryp: Nie grond vir 'n bewering hê nie: To invent a story.
Lugkastele bou: Pragtige planne maak wat nie uitgevoer kan word nie: To build castles in the air.

- LUI:** Lui by die werk, fluks by die bak: Gebruik van 'n lui persoon, wat by die ete natuurlik vol lewe is: A bad worker but a good eater.
- LUIAARD:** Die son in die weste, die luiaard op sy beste; òf As die son is aan die weste, is die luiaard op sy beste: Gesê van iemand wat laat in die middag eers fluks word: Used of someone who set to work at sunset.
- LUITERS:** Iemand hou hom dood luiters: Hom doodonskuldig hou: To pretend to be quite innocent.
- LUNSRIEM:** 'n Smerige kêrel: A dirty fellow.
- LUS:** Dit is sy lus en sy lewe: Hy het sy grootste plesier daarin: That is meat and drink to him.
- LYF:** Lyf vetsmeer: kyk Rug.
Iemand spaar (bêre) sy lyf: Van iemand gesê wat so min doen as hy maar kan: He does as little as he possibly can.
'n Mooi lyf hê vir iets: Geskik lyk om iets te doen: Well suited for a task.
Alles aan die lyf hang: Alles in klere steek: To spend everything on clothes.
- LYK:** Jy lyk daarna: Jy sal dit nooit kan doen nie: I don't think.
- LYN:** Iemand lynsmaan: Iemand verhinder om heeltemal te maak wat hy wil: To curb a person.
Iemand aan 'n lyntjie hou: Geen definitiewe antwoord gee nie: To put off a person continually.

M.

- MA:** Iemand slaan, dat hy sy ma vir 'n eendvoël aansien: K y k Eend.
- MAAG:** Dit sit hom dwars in die maag: Dit mishaag hom: That sticks in his throat.
Van sy maag 'n wolsak maak: Hy eet verskriklik baie: He is the slave of his appetite.
Iets op sy maag skrywe (en met sy hemp uitvee): Die skuld sal nooit betaal word nie: You can whistle for it.
Sy oë is groter as sy maag: Hy wil meer kos hê as hy kan opeet: He has cut off a bigger chunk that he can chew.
Iemand het 'n maag soos 'n volstruis òf Iemand het 'n volstruismaag: Hy kan byna enigiets eet sonder dat hy daarvan siek word: His stomach is able to digest almost anything.
Dit gee 'n mens maagpyn: Gesê van musiek of 'n deuntjie wat baie vals is: That makes one sick.

MAAI: Onder die vyand maai: 'n Groot getal van die vyand doodskiet: To kill a great number of the enemy.

Loop na jou maai: Jy kan gaan net waarheen jy wil (ongunstig): Go to the devil.

Baie mense is in die tyd afgemaai: Baie mense is in die tyd dood: Many people died during that time.

Maai waar jy nie gesaai het nie: Die voordeel trek van die werk wat 'n ander gedoen het: To reap the benefit of another's work.

MAAK: Alles maak en breek: Alles uit woede wil breek: To be in a rage.

Jy sal dit nooit maak nie: Jy sal nie jou doel bereik nie: You will not achieve your end.

Die arme kêrel sal dit nie meer lank maak nie: Hy sal gou sterf: The poor fellow will not live much longer.

Maak, dat jy dit doen: Ek beveel jou om dit te doen: See that you do it.

MAAL: Heeldag oor dieselfde ding maal: Die hele dag van iets praat: To be continually harping on the same string.

Hy maal heeldag aan my kop oor daardie ding: Hy val my heeldag daaroor lastig: He is continually bothering me for that thing.

Jy maal: Jy praat onsin: You are talking nonsense.

Sy kop maal: Hy voel duiselig: He feels dizzy.

Wie eerste kom moet eerste maal: Wie eerste kom moet eerste bedien word: First come, first served.

MAAN: Vir die maan blaf: Iets tevergeefs wil doen: To cry for the moon.

Deur die maan getik: Nie heeltemaal by sy verstand wees nie: To be balmy.

Daarvan soveel weet as die man in die maan: Hy weet daar niks van nie: He knows as much about it as the man in the moon.

Iemand kan na die maan vlieg (gaan): Nie omgee wat met iemand gebeur nie: He can go to Hong Kong.

Die maan kom op: Gesê as iemand met 'n kaalkop hom by 'n geselskap voeg: The moon is rising (said in jest when a baldheaded person joins a company).

Glo dat die maan van kaas gemaak is: Hy laat hom enigets wys maak: To believe that the moon is made of green cheese.

Met die maan gepla: Hy is by tye mal: He is mad at intervals.

MAAT: Sy maat is vol: Hy het so veel moeilikheid veroorsaak, dat 'n mens niks meer van hom sal verdra nie: His cup is full.

Met watter maat 'n mens meet, sal hy weer gemeet word: Dieselfde maatstaf sal in albei die gevalle toegepas word of net soos jy iemand behandel sal jyself behandel word: As you measure, so it will be measured unto you.

Daardie man is nie jou maat (speelmaat) nie: Jy moet vir hom eerbied betoon: He is your superior.

Sy maters is (klein) dood: Hy oortref almal: He surpasses everybody.

Maats maak: Vriende word: To become friends.

MAER: So maer soos 'n kraai: Baie maer: To be as thin as a lath.

MAG: Mag is reg: As 'n mens sterk is dan kan hy allerlei kwaad doen en dit sal as reg beskou word; 'n sterk persoon of land kan maak wat hy wil: Might is right.

MAK: Iemand mak maak: Iemand so die waarheid vertel, dat hy klein voel: To keep a person in his place.

Iemand word al mak: Nie meer so skaam en wild soos eers nie: He is beginning to lose his shyness.

So mak soos 'n lam: Baie onderworpe: As mild as a lamb.

Makgemaakte (mak) Engelsman: 'n Engelsman wat verafrikaans is: An Englishman who has adopted the Afrikaans language, etc.

MAL: Iemand werk mal en moer: Hy werk besonder hard: He simply slaves.

Mal Jan onder die hoenders: kyk **Hoender.**

Jou mal en moer afwag: Baie lank moet wag: To have to wait very long.

Hy is 'n mal bobbejaan; 'n regte ou maltrap: 'n Baie lewendige en verspotte persoon: A very lively and funny person.

MALKOP: Malkop wees: Baie opgewonde wees: To be very much excited.

MAN: Ek hou van 'n man, wat sy man kan staan (J. Celliers): Ek hou van 'n persoon, wat onder alle omstandighede deur sy gedrag ons bewondering afdwing: I admire a person who can hold his own.

'n Man van sy woord: Hy doen wat hy beloof: A man of his word.

Mans genoeg om iets self te doen: Self instaat om iets goed te doen: Quite capable of doing it himself.

Iemand iets op die man af vra: Hom iets vra sonder enige omweg: To ask a person a straight question.

Met man en muis vergaan: Met almal wat aan boord was: Lost with all hands on board.

- Iets aan die man bring:** Verkoop: To sell.
- 'n Man van iemand maak:** Iemand leer om selfstandig te wees: To make a man of
- 'n Mannetjiesvrou:** 'n Dame wat ru is en niks omgee nie: A tomboy.
- MANDJIE:** Water in 'n mandjie probeer dra: Die onmoontlike probeer doen: To try to do the impossible.
- MANK:** Mank gaan aan dieselfde kwaal: Aan dieselfde gebreke, foute, tekortkominge ly: To have the same shortcomings, faults.
- MANKOLIEK:** Mankoliek wees: Nie gesond en lekker voel nie: To be crocked.
- MANTEL:** Onder die mantel (dekmantel) daarvan: Onder daardie voorwensel: Under the cloak of.
- Iemand se mantel het op 'n persoon geval:** Hy is die persoon se geesverwant en opvolger: His mantle has fallen upon someone.
- Met die mantel van liefde bedek:** 'n Fout of verkeerdheid van die naaste verberg of vergewe: To cover something with the cloak of charity.
- Die mantel na die wind draai:** Hom na omstandighede skik: A weathercock, a turncoat.
- MANTELDRAAIER:** 'n Persoon wat nie vaste beginsels het nie en hom na omstandighede skik: A turncoat.
- MARTJIE LOUW:** Krygswet: Martial Law.
- MAS:** Die eie mas ophaal; Sien hoe jy alleen die mas opkom: Sonder hulp die moeilike werk verrig: To undertake a difficult task unaided.
- 'N MASWERKKNOOP:** 'n Knoop wat goed gebind is: A knot that cannot be easily untied; a clove hitch.
- MATROOS:** Vloek (swets) soos 'n matroos: Baie vloek: To swear like a trooper.
- MEDE:** 'n Wet van Mede en Perse: 'n Wet of reël wat onder geen omstandighede verander of herroep mag word nie: A law of the Medes and Persians.
- MEERDERMAN:** Waar meerderman kom, moet minderman wyk: As twee persone met mekaar wedywer, dan moet die mindere onwillekeurig terugstaan: The iron pot breaks all the clay pitchers that float on the same water.
- MEET:** Van meet af aan begin: Van die begin af: To start from the beginning.
- Met watter maat 'n mens meet, sal jou weer gemeet word:** Net soos 'n mens 'n ander behandel, sal jy self behandel word: As you measure, so it will be measured unto you.

Sy lengte op die grond meet: Gesê van iemand wat heeltamal plat geval het: To fall down flat.

Hulle het hulle kragte met mekaar gemeet: Hulle het meegeding, baklei: They tried their strength with one another.

Iemand meet die straat: Iemand is dronk: To be intoxicated.

MEISIES: So tussen ons meisies gesê; dit bly tussen ons meisies: As 'n geheim tussen ons twee: Said in secret between the two of us.

Meisies wat fluit word by die deur uitgesmyt (moet die onderdeur (agterdeur) uit): gewoonlik met die toevoeging "en 'n hoenderhen wat kraai word die nek omgedraai": Gesê as 'n meisie 'n deuntjie fluit: A whistling maid, a crowing hen, is neither fit for God or men.

Meisies is nie geplant nie, maar gesaai; Meisies is nie hoedvol nie, maar landvol: Daar is baie meisies op die wêreld en ek sal dus nie oor een wat ek verloor het treur nie: There are as good fish in the sea as ever came out of it; she is not the only pebble on the shore.

MELK: Heelwat in die melk te brokkel hê: Gesê van iemand wat baie besware ens. in te bring het: He always has a lot to say.

'n Melkkoeitjie: 'n Besigheid waaruit òf 'n persoon uit wie 'n mens geld maak: A profitable business; a source of income.

'n Persoon of besigheid uitmelk: Dit as 'n melkkoeitjie gebruik: To draw large profits from.

MENEER: Ek is meneer en jy is meneer, wie sal dan die wa smeer: Altwee kan nie baas wees nie: We cannot both command.

MENS: Die ou mens aflê: Verander: To change.

Die mens wik maar God beskik: Die mens maak planne, maar dinge gebeur soos God dit bestier: Man proposes, God disposes.

'n Mens is 'n mens: Elkeen maak foute: To err is human.

Die inwendige mens versterk: Iets eet of drink: To have something to eat.

Ook 'n mens! Gesê van iemand van wie 'n mens baie min dink: Not much of a man; a poor sort of fellow.

Eers mens en dan langoor: Die meerdere word voor die mindere bedien (gew. kinders): Adults come first, then children.

MES: Voor jy kon sê "mes": kyk **Knipmes**.

Die mes sny na albei kante toe (aan albei kante): Die saak kan van twee kante beskou word; geld op twee maniere verdien: It cuts both ways; his bread is buttered on both sides.

Iemand se mes is stomp: Hy sal sy doel nie bereik nie: He won't reach his goal.

Die mes op iemand se keel sit: Iemand dwing om iets te doen: To force someone to do a thing.

Sy mes vir iemand in hê: Sy uiterste bes doen om 'n besonder persoon te benadeel: To have a bone to pick with a person.

METTE: Met iemand (iets) kort mette maak: Gou handel: To make short shrift.

'N METUSALEM: 'n Baie ou persoon: As old as Methusalah.

MIDDEL: In die middel van die wêreld wees: Gladnie weet wat om te doen nie: To be entirely at a loss.

MIN: Te min om van ryk te word, te veel om van dood te gaan: Nie baie nie, net so dat 'n mens kan leef: Too little to enrich a person, too much to let him starve (said of a salary).

MINNE: In der minne skik: Op vriendskaplike wyse skik: To settle in a friendly manner.

MIS: Dit mis nie: Dit is nooit 'n mislukking nie: It never fails.

MISOES: Die hele saak was 'n misoes: Die hele saak (persoon) was 'n mislukking: To be a failure.

MODDER: Met modder gooi: Iemand sonder rede en op 'n lelike manier sleg maak: To blackguard someone.

Iemand uit die modder uithelp: Uit die moeilikheid help: To lend a hand.

MOED: Hou goeie moed, die slegte kom van self: 'n Mens moet altyd hoopvol wees: Never say die!

Sy moed het in sy skoene gesink: Hy het moed verloor: His courage failed him.

MOEDERMELK: Met die moedermelk indrink: Van jongsaf leer: To imbibe with one's mother's milk.

MOEDERSIELALLEEN: Heeltemal alleen: All alone.

MOEDVERLOOR: Op moedverloor se vlakke: Baie moedeloos wees: To feel dejected.

MOEG: Iemand is moeg gebore: Hy is baie lui: He is extremely lazy.

MOEILIK: Iemand is moeilik: Kwaad en ontevrede: To feel out of sorts.

MOESOEK: **Moesoek eet:** 'n Eetwedstryd hê: To have an eating competition.

Iemand se moesoek (moesoep): Iemand se meerdere: A person's superior.

MOKER: Iemand baie slaan: To beat mercilessly.

MOLESTE: **Moleste maak:** Stoornis veroorsaak deur sy slegte gedrag: To cause a tumult.

MOND: 'n Mond soos 'n wawiel: 'n Baie groot mond: A mouth stretching from ear to ear.

Met die oop mond na iets luister (kyk): Baie aandagtig of verbaas luister: To listen attentively.

Sy mond (neus) orals insteek: Gebruik van iemand wat hom met 'n ander man se sake bemoei: To poke one's nose into everything.

Iemand die mond snoer: Iemand dwing om stil te bly: To stop a person's mouth.

Sy mond water: Hy het baie lus vir iets: His mouth waters.

Die mond vol hê van iets: Gedurig oor iets praat: To talk repeatedly about the same thing.

Van sy mond 'n skoorsteen maak: Baie rook: He smokes like a chimney.

Met twee monde praat: Vals, onopreg wees: To blow hot and cold.

Iemand se mond (bek) verdien jem: Verdien lof (soms spottend gesê): He deserves praise (used jestingly).

Iemand na die mond praat: Iemand vlei; praat soos 'n andereen dit graag wil hê: To flatter.

Met die mond (bek) vol tande staan: Nie weet wat om te sê nie: To be tongue-tied.

Die woord uit iemand se mond neem: Presies sê wat 'n ander wou sê: To take the word out of a person's mouth.

Sy mond (bek) hou: Stilbly: To keep quiet.

Van die hand na die mond val die pap op die grond:

Tussen die lepel en die mond val die pap op die grond: Op die laaste oomblik kan 'n saak wat altyd voorspoedig gegaan het, nog 'n verkeerde loop neem: There is many a slip between the cup and the lip.

Iemand seker woorde in die mond lê: Beweer dat iemand die woorde gebruik het: To put certain words into another's mouth.

Uit die mond van die kinders sal 'n mens die waarheid

verneem: 'n Kind sê, wat hy gehoor het en steek niks weg nie: Children speak the truth.

Van die hand na die mond lewe: Elke dag uitgee wat jy verdien: To live from hand to mouth.

Jou mond gaan uitspoel: Gesê van iemand wat lelike taal gebruik: You should not use such bad language.

Jou mond (bek) verbrand: Gebruik as iemand hom verspreek: It was a slip of the tongue.

Jou mond (bek) verby praat: Iets sê wat jy nie moes gesê het nie: To put one's foot in it.

So moet 'n mond (bek) praat! Gewoonlik gebruik as iemand in sy skik is met wat 'n ander sê: That's what I like to hear!

Sy is nie op haar mondjie (bekkie) geval nie: Sy het altyd 'n antwoord gereed: She has a ready tongue.

'n Mondjievol: Baie bietjie: A wee, or tiny bit.

'n Goeie monds slag slaan: Baie kan eet: Used of a big eater.

MOOI: Mooiweer speel met iets: Dit verkwis: To waste.

Jy is 'n mooi een!: Gebruik van iemand wat nie gedoen het wat hy beloof het nie: You are a fine one!

Mooiweer speel met iemand: Baie vriendelik wees teenoor iemand, vernaamlik as dit jou iets in die sak bring: To be very friendly with somebody, especially when you can profit by it.

Iemand gee nie sy mond verniet kos nie: Hy het altyd raak antwoorde: To have a ready tongue.

MOOIPRAATJIES: Mooipraatjies met iemand hê: Baie vriendelik wees met hom as jy iets van hom wil hê: To be very friendly with a person, when you want to obtain something from him.

MOORD: Die moord steek: Sterf: To die.

Moord en brand skreeu: Baie lawaai oor iets maak: To make a great fuss about something.

Van die hele moord niks weet nie: Van die hele saak niks weet nie: To be quite ignorant of the whole affair.

Nie moord en doodslag nie: Nie van die uiterste belang nie: Not of the utmost importance.

MÔRE: Môre is ook 'n dag: Daar is nie haas nodig nie, daar is nog baie tyd: To-morrow will do just as well.

MÔRESTOND: Die môrestond het goud in die mond: Dit is tot jou voordeel om vroeg op te staan: The early bird catches the worm.

MORS: 'n Taal mors: 'n Taal deurmekaar praat, radbraak: To mutilate a language.

MOS: Die mos begin te werk: Die saak begin nou te ontwikkel: Matters are developing.

MOSES: Sy Moses kry (teëkom): Sy gelyke kry: To find one's match.

Iemand se Moses is dood: Hy oortref almal: He has no match.

Iemand met die vyf vingers van Moses gee: Iemand slaan: To give someone a hiding.

MOSSIE: So dood soos 'n mossie: Morsdood: As dead as a doornail.

Hom verheug oor 'n dooi mossie: Hom oor iets denkbeeldigs verheug: To rejoice at something imaginary.

MOSTERD: Mosterd na die maal(tyd): Te laat: That's mustard after meat.

Iemand deur die mosterd trek: Iemand skrobbeer: To choke someone off.

MOU: Iemand iets op die mou speld: Iemand iets wysmaak: To impose on a person.

Die hande uit die mou steek: Fluks werk: To put the shoulder to the wheel.

Nie 'n mou aan iets kan pas nie: Niks uit iets wys word nie: Unable to find a peg to fit the hole.

Iets uit die mou skud: Iets sonder moeite doen: To do a thing off-hand.

Moue oprol: Klaarmaak vir 'n seker werk: To prepare for a certain work.

MOVEER: Iemand moveer: 'n Mens lastig val: To bother.

MUGGIE: Van 'n muggie 'n olifant maak: Iets baie oordryf: To make a mountain of a mole-hill.

MUIS: As die muis vol is, is die meel (koring) bitter: As 'n mens genoeg geëet het, smaak die kos nie meer lekker nie: When you have had your fill, food is no longer appetising.

Die muisie sal 'n stertjie hê: Die saak sal nog groot gevolge hê: Thereby hangs a tale.

So stil soos 'n muis (in 'n kalbas) wees: Baie stil wees: As quiet as a mouse.

Klein muisies het groot ore: As waarskuwing dat iemand versigtig moet wees wat hy voor kinders praat: Little pitchers have long ears.

Muisneste hê: Sit en dink en jou kwel oor allerhande klein sakies: To have cobwebs in one's brain.

MUISTANDJIES: Wisseltande: Milk teeth.

MUNT: Munt slaan uit: Voordeel trek uit: To make capital out of something.

Iemand met dieselfde munt betaal: Iemand op dieselfde wyse behandel as hy jou behandel het: To pay someone back in his own coin.

Alles vir goeie munt aanneem: Iets glo, in erns opneem: To take something for gospel-truth.

MURG: Hy het murg in sy pype: Hy is baie sterk: He is very strong.

Deur murg en been gaan: Dwarsdeur 'n mens gaan: To the marrow of one's bone.

MUUR: Tussen vier mure sit: In die tronk wees: To be in prison.

Die mure het ore: Dis gevaarlik om hier te veel te sê: Walls have ears.

Oor 'n wit muur kyk: Gesê van iemand wat 'n taamlik hoë, stywe boordjie aan het: To wear a stiff collar.

Soos 'n muur staan: Nie ingee nie: Without budging.

MYL: Baie myle lê tussen doen en sê: Daar is 'n groot verskil tussen te sê dat jy iets sal doen en dit werklik te verrig: There's a great difference between saying and doing.

MYN: Iemand se besef van myn en dyn is gebrekkig: Gesê van iemand wat maklik steel: He does not distinguish between mine, and thine.

N.

NA: Iemand te na kom: Iemand beledig: To insult someone.

NAAKTE: Die naakte waarheid vertel: Die hele waarheid: The whole truth.

NAALD: 'n Mens kan hom deur 'n naald trek: Hy is baie netjies gekleed: He is well dressed.

Op naalde en spelde sit: Hy is baie haastig: He is sitting on pins and needles.

'n Draad vir elke naald hê: Altyd 'n antwoord gereed hê: To have a ready tongue.

Van 'n naald tot 'n koevoet: Alles: From a needle to an anchor.

Jy steek 'n naald in die Here se oog: Gesê van 'n persoon wat op Sondag met 'n naald werk: You should not sew on Sundays.

NAAM: Iets vir die naam doen: Net vir die skyn: To do something for show.

Die naam dra: Beskou word as: To be looked upon.

'n Pak slae (ens.) is jou naam: Jy sal 'n pak slae kry: You may be sure that you will get a hiding.

Die kind by die ware naam noem: Alles ronduit sê, sonder om dit te omskryf: To call a spade a spade.

NAAMDRAER: 'n Kind wat na 'n besonder persoon vernoem is: Namesake.

NAAT: Op die naat van sy rug lê: Plat op die rug: To lie flat on his back.

NABEROU: Naberou is galberou (swaarberou): Berou kom as 'n daad reeds gedoen is en dan veroorsaak dit baie verdriet: Remorse comes too late.

NADER: Hoe nader hoe doller: Hoe nader 'n ding kom, hoe meer opgewonde: The nearer the event, the more excited.

NAEL: Laat nael: Vinnig weggehardloop: To take to one's heels.

NAELSKRAAP: Dit was so naelskraap, òf Dit het naelskraap gegaan: Dit het byna gebeur: That was a close shave.

NAG: So lelik soos die nag: Baie lelik: To be very ugly.

Lyk soos een wat met die nag-trein gekom het: Baie slordig lyk: Very untidy looking.

So donker soos die nag: Baie donker: Pitch dark.

Die Kaffer is so swart soos die nag: Baie swart: The Kaffir is as black as soot.

'n Nagwolf: 'n Persoon wat saans laat rondloop: To loaf about at night.

NASLEEP: 'n Nasleep van iets: Die gevolge van: The consequences.

NAT: Iemand se twak is nat: kyk Twak.

Nog nat agter die ore wees: Nog baie jonk wees: To be a greenhorn.

Sopnat, (waternat, water-slik-sop-nat of pap-sop-nat) iewers aangekom: Heeltemal nat wees: To be drenched to the skin.

Iemand is lekker nat: Is dronk: To be tipsy.

NATUUR: Die tol van die natuur betaal: Sterf: To die.

NEK: Iemand het 'n dik nek: Is hoogmoedig: To be conceited.

Deur sy nek praat: Onsin praat: To talk through one's hat.

Iemand in die nek kyk: Iemand bedrieg: To deceive.

Op iemand se nek lê: Iemand onkoste en ongerief veroorsaak: To inconvenience people by staying with them.

Iets deur die nek trek: Iets eet of drink: To eat or drink.

Iemand se nek breek: Iemand ruïneer: To ruin somebody.

Sy nek in die strop steek: Hy het hom in 'n moeilikheid begewe: To run one's head into a noose.

Sy nek is in die strop: Hy is in moeilikheid: To be in trouble.

Iemand 'n nekslag gee: Hom 'n slag gee wat hom heeltemal te gronde rig: To deal someone a decisive blow.

NERF: Dit was op die nerf na; Die nerf het geskeel: Dit het maar min geskeel: Within an ace.

Fyn (dun) van nerf wees: Baie fyn-gevoelig wees: To be very sensitive.

NES: Hulle skop al nes: Hulle maak al klaar om te trou: They are preparing to get married.

Jou eie nes vuilmaak: Jou eie mense slegsê: To foul one's own nest.

NET: Agter die net vis (-vang): Te laat kom vir iets: Come a day after the fair.

NEULKOUS: 'n Neulkous (-pot): 'n Vervelige vent: A bore.

NEUS: Tussen neus en vinger verdwyn: Sommer so skelm, ongemerk verdwyn: To take French leave.

Iemand iets onder die neus vrywe: Iemand iets verwyf: To reproach a person for something.

Iemand steek sy neus orals in: Hy bemoei hom met dinge wat hom nie aangaan nie: He pokes his nose into everything.

Iemand staan op sy neus en kyk: Baie teleurgesteld of verleë: To be disappointed or embarrassed.

Iemand aan die neus lei: Met hom doen wat jy wil: To lead a person by his nose.

Nie verder sien as sy neus lank is nie: Nie vooruit dink nie: He cannot see any further than his nose.

Teen sy neus vaskyk: Gesê van iemand wat baie onoplettend is of iets nie raaksien nie: To be very inobservant.

Onder sy neus lê: Baie naby kom: To lie under his very nose.

Sy neus daarvoor optrek: Dit verag: To sneer at a thing.

Loop met die neus in die lug: Hoogmoedig wees: To walk with one's nose in the air.

Dit was so by sy neus verby; Dis neusie verby: Gesê van iemand wat nie gekry het, wat hy wou gehad het nie: He just missed it.

Hy stap (loop) agter sy neus aan: Iets doen sonder om te dink: To wander about.

Iets in die neus kry: Suspiesie kry: To get wind of something.

Wie sy neus sny (skend), skend sy aangesig: As 'n mens sy volk of famielie slegmaak, dan veroordeel hy homself: Don't cut off your nose to spite your face.

Eers neus, dan bril: Grootmense moet voor kinders gehelp word: Adults first, then children.

NEUT: **Dis 'n harde neut om te kraak:** Dis 'n baie moeilike werk: It is a very hard task.

Nie iets vir dowe (dowwe) neute doen nie: Hy doen dit met 'n spesiale doel: To work for a special object.

NIKS NUTS: 'n Persoon wat niks beteken nie: A good-for-nothing sort of fellow.

'N NIMROD: 'n Jagter: A Nimrod.

NOAG: **Dit kom uit Noag se ark:** Dit is baie oud of outyds: It is very old or ancient.

Van Noag se sap gedrink hê: Dronk wees: To be intoxicated.

NOMMER: **Iemand op sy nommer sit:** Iemand berispe: To rebuke a person.

Die klere is net mooi nommer-pas: Dit is net die regte grootte: The clothes fit to a T.

NOOD: **Sy nood by iemand kla:** Iemand sy moeilikhede vertel: To unburden one's troubles.

Nood leer bid: 'n Moeilikhede maak 'n mens vindingryk: Necessity is the mother of invention.

As die nood aan die man kom: As daar moeilikhede kom: If the worst comes to the worst.

Van die nood 'n deug maak: Hom na die tyd en omstandighede skik: To make a virtue of necessity.

In die nood leer 'n mens jou vriende ken: Iemand wat ook onder moeilike omstandighede jou steun, is 'n ware vriend: A friend in need is a friend indeed.

Nood breek wet: As 'n mens in die nood is, steur hy hom nie aan gewoonte of aan wat reg is nie: Necessity knows no law.

As die nood die hoogste is, is die redding (uitkoms) naby: As die moeilikhede op die ergste is, kom daar gewoonlik uitkoms: It is darkest just before dawn.

NOOIT: **So nooit-as-te-nimmer; Nooit ofte nimmer; So nooit as nooit:** Dit sal nooit gebeur nie: That will never happen.

NOOT: 'n Noot rek soos 'n voorslag-riempie: 'n Musieknoot baie lank rek: To keep a note longer than is necessary.

Jy is 'n ou noot in die psalm: Jy wil altyd saampraat, al weet jy niks van die saak nie: You always want to have a say although you know very little.

'n Noot laer sing: Nie meer sulke hoë eise stel nie òf so hoogmoedig wees nie: To eat humble pie; to sing small.

Baie note op sy sang hê: Baie te sê hê: To have much to say.

Werk dat die krom note hom haal: Baie hard werk: To work very hard.

NOPPIES: In sy noppies voel: Baie gelukkig en tevrede voel: To be in high feather; to be as pleased as Punch.

NOUSTROP: Nou-strop trek: Swaarkry: To have a hard time.

NUGTER: Op sy nugter maag: Nog voor hy geëet het: The first thing in the morning.

Nugter weet: Dis heeltemal onseker: Goodness knows.

NUL: Van nul en geen waarde: Gladnie waarde hê nie: To be of no use at all.

Maar 'n groot nul wees: Baie min beteken: To be a good-for-nothing.

Iemand het uitgevind dat nul nul is: Hy weet hoe sake staan: He knows what is what.

In die jaar nul: Nooit nie: Never.

NUUS: Dis ou nuus: Dis lankal bekend: That is old news.

Iemand is 'n nuusdraer: Lief om 'n ander te verklik: A tell-tale.

Geen nuus, goeie nuus: As 'n mens niks van 'n persoon hoor nie, dan kan hy seker wees dit gaan goed: No news good news.

NUUTS: Daar is niks nuuts onder die son nie: Dieselfde ver-skynsels kom onder ander vorme weer voor: There is nothing new under the sun.

O.

OEFENING: Oefening baar kuns; Oefening maak die meester: Deur oefening leer 'n mens: Practice makes perfect.

OES: Ons het hulle lelik geoes: Ons het hulle ver gewen: We gave them a sound beating.

Dit was maar 'n oes (oes-does) affêre: Dit was maar swak: It was a feeble affair.

OLIE: Dis olie op die vuur: Die moeilikheid of toestand word daardeur erger: That's fuel to the fire.

Olie op die water gooi: Die harstogte laat bedaar: To throw oil on troubled waters.

OMKONKEL: Iemand het hom laat omkonkel: Hy het hom laat oorhaal: He allowed himself to be persuaded.

OMSIENTJIE: In 'n omsientjie (omsientjestyd) sal ek terug wees: Ek sal gou terug wees: I shall be back in a minute.

OMSLAG: Vir iemand omslag maak: Moeite doen om iemand goed te onthaal: To put oneself out to entertain a person.

ONBEKEND: Onbekend maak onbemind: 'n Mens hou nie van 'n onbekende persoon of saak nie: Unknown, unloved.

ONBESPROKE: Van onbesproke gedrag: Van goeie gedrag: His conduct is without a blemish.

ONBETUIG: Hom nie onbetuig laat nie: So handel (b.v. deur baie te eet, praat ens.) dat almal moet opmerk dat hy teenwoordig is: To give a good account of oneself.

ONBEWIMPEL: Iemand onbewimpel die waarheid sê: Reguit, sonder iets agter te hou: To tell a person one's mind.

ONDANK: Ondank is wêreldslon: Wat 'n mens doen, word nie op prys gestel nie: The world pays with ingratitude.

ONDERDEUR: In 'n eksamen onderdeur kom: Nie deurkom nie: To be ploughed, or plucked, or spun.

Iemand onderdeur laat loop: Iemand berispe of straf: To reprimand or punish.

So onderdeur loer: Skelmpies kyk: To look with cunning eyes.

Sy begin al oor die onderdeur te loer: Begin al na 'die ander sekse te kyk: She is beginning to take notice of the other sex.

Iemand onderdeur spring: Iemand bedrieg: To deceive a person.

ONDERDUIMS: Onderduims wees: Nie openlik, eerlik wees nie: To be deceitful.

ONDERLIP: Sy onderlip hang of 'n Mens kan van sy onderlip skoensole maak: Hy is nukkerig: He is in a bad mood.

ONDERSPIT: Die onderspit delf: Oorwin word: To come off second best.

ONDERVINDING: Ondervinding is die beste leermeester: Die beste manier om iets te leer, is om dit self uit te vind: Experience is the best master; experience makes fools wise.

ONGELUK: Daar is altyd 'n geluk by 'n ongeluk: 'n Ongeluk het ook 'n gunstige kant: Every cloud has a silver lining.

Die ongeluk sal jou haal (ry) as jy dit doen: Jy sal gestraf word as jy dit doen: The devil take you, if you do that.

ONGENOOI: Ongenooide gaste hoort agter die deur met 'n bak (bord) vol bene: 'n Mens mag nie na 'n party gaan as hy nie genooi is nie: It is not etiquette to go where you are not invited.

ONKLAAR: Onklaar trap: In moeilikheid kom: To get into trouble.

ONKRUID: Onkruid vergaan nie: 'n Slegte persoon leef die langste: Ill weeds grow apace.

Altyd onkruid saai: Altyd dinge sê of doen wat ontevredenheid veroorsaak: To be ever causing trouble.

ONRAAD: Onraad merk: Gevaar vermoed: To smell a rat.

ONS: Een ons praktyk is beter as 'n pond teorie: Alles kom op doen neer, want net weet hoe help nie so baie nie: Practice is better than precept..

ONTDUIK: Iets ontduik: Iets vryspring: To evade.

ONWETEND: Onwetend sondig nie: As 'n mens onbewus iets doen wat verkeerd is, dan kan hulle hom nie daarvoor kwalik neem nie: A person cannot be blamed for a mistake done in ignorance.

OOG: Aldag oog-toe gaan: Gesê van iemand wat baie hou van drank: To be addicted to drink.

Een oog in die pot en die ander in die skoorsteen: Gesê van iemand wat skeel kyk: To squint.

Uit die oog, uit die hart: As iemand weg is, word hy gou vergeet: Out of sight, out of mind.

Iemand (iets) in die oog hou: Besonder aandag aan 'n persoon (saak) wy: Iemand oppas: To keep an eye on somebody (something).

Jou oog op iemand hê: Hom nie vertrou nie; verlief wees op 'n dame: Not to trust someone; to be struck with a lady.

Dit val in die oog; Dit is in die ooglopend: Dit trek die aandag: It draws the attention of all.

Dit was vir hom 'n doring in die oog: Dit het hom baie gehinder: It was an eyesore to him.

Nie 'n oog toemaak nie: Nie slaap nie: Not to get a wink of sleep.

Al die omstandighede in die oog hou: Alles in aanmerking neem: Bear all the circumstances in mind.

'n Mens moet darem iets vir die oog ook hê: 'n Mens kyk nie net na deugde nie, maar ook na mooiheid: Not virtue alone, but beauty also counts.

Die oog van die meester maak die perd vet: As die eienaar self vir sy goed sorg is daar voorspoed: The master's eye makes the cattle thrive.

Net vir een ding oog en oor hê: Net in een ding belangstel: To be interested in one thing only.

Wat die oog nie sien nie, deër die hart nie: As 'n mens iets nie weet nie, bekommer hy hom nie daaroor nie: What the eye does not see, the heart does not grieve over.

Op die oog: Na die uiterlik: Superficially.

Iemand onder vier oë sien: Hom alleen wil sien met die doel om hom te berispe: To see someone under the rose.

Hulle oë gaan oop: Hulle begin die kwessie te verstaan en insien dat hulle verkeerd is: They begin to discover the truth.

Iemand op sy oë speel: Iemand met die vuus slaan: To fight a person.

Niemand na die oë hoef te sien nie: Onafhanklik wees: To be independent.

Al die meisies se oë uitsteek: Almal jaloers maak: To arouse everyone's jealousy.

Die gevaar (moeilikheid) onder die oë sien: Nie vir iets bang wees nie: To look the facts in the face.

Groot oë maak: Verbaas kyk: To look up in surprise.

Sy oë is groter as sy maag: Hy is gulsig en daarom het hy meer gevat as hy kan eet: He has cut off a bigger chunk than he can chew.

Iemand se oë vol sand skop: Iemand mislei: To deceive.

Jy moet jou oë oop hou: Jy moet alle aandag aan die saak gee: You must attend very carefully.

Iemand begin ook al ogies te maak: Begin na die ander sekse te kyk: To take notice of the other sex.

OOGAPPEL: Die liefing: The apple of his eye.

OOGLEDE: Jy kyk alweer teen jou ooglede vas: Iets nie raak sien nie: You are not using your eyes.

OOGKLAPPE: Iemand oopklappe wil aansit: Iemand wil bedrieg deur net 'n deel van die waarheid te laat uitkom: To try to hoodwink a person.

OOM: Daar sit oom Kool: Daar het ons die skelm: There we have him.

OOP: Ons werk dat ons so ooplê: Ons werk baie hard (vinnig): We are working at full speed.

Iemand met oop arms ontvang: Iemand baie vriendelik en hartlik ontvang: To welcome a person very heartily.

OOP-EN-TOE: Hy het so oop-en-toe daar aangekom: Hy het in groot haas daar aangekom: He came there hurriedly.

OOPTREK: Iemand ooptrek: Iemand 'n pak slae gee: To give a hiding.

OOR: Heeltemal oor wees: Baie aandagtig luister: To be very attentive.

Dis die een oor in en die ander uit: Dit word gou vergeet: To forget a thing as soon as you have heard it.

Iemand se ore hang: Hy is mismoedig: To be depressed.

Loop was jou ore: Aan iemand wat nie goed geluister het nie en dus vra dat iets herhaal sal word: Open your ears.

Dit het my ter ore gekom: Ek het dit gehoor: It has come to my knowledge.

Iets in die ore knoop: Iets goed onthou: To make a note of.

Lang ore hê: Baie nuus te hore kom: Somebody who comes to hear much news.

Sy ore sal tuit: Gesê van iemand van wie daar baie in sy afwesigheid gepraat word: His ears will tingle.

Sy ore uitleen: Na allerhande praatjies luister: To pay heed to all sorts of talk.

Iemand se ore van sy kop afeet: Baie eet: To sponge on another.

Bloos (rooi word) tot agter die ore: Baie bloos: To blush to the roots of your hair.

Iemand se kop tussen sy ore sit: Hom op sy plek sit: To keep a person in his place.

'n Paar wawiel-ore hê: Baie groot ore hê: To have very large ears.

Het jy pluisies in jou ore? Aan iemand wat nie die eerste keer hoor wat jy sê nie: Can't you hear?

'n Mens kan mielies in sy ore plant: Gesê van iemand wie se ore baie vuil is: His ears are very dirty.

OORBLUF: Heeltemal oorbluf wees: Heeltemal oorrompel wees: To be quite embarrassed.

OORGEHAAL: Oorgehaal sit vir iemand: Klaar wees om iemand goed te berispe: Ready to give someone a bit of one's mind.

OORHAND: Die oorhand kry: Dié oorwinning behaal: To get the upperhand.

OORHOEKS: Hom oorhoeks werk: Hom heeltemal gedaan werk: To overwork oneself.

OORHOOP: Die twee lê gedurig oorhoop: Hulle maak altyd rusie: Those two are always at loggerheads.

OORKONKEL: Iemand 'n oorkonkel gee: Iemand 'n klap gee: To give somebody a box on the ear.

OORLAAI: Iemand oorlaai met werk: Hom meer werk gee as hy kan behartig: To overburden someone.

- OORLAMAS:** Dis 'n oorlamse vent: Baie skelm of slim: He's a smart fellow.
- OORLAS:** Tot 'n oorlas wees: Iemand baie onnodige moeite aandoen: To cause unnecessary trouble.
- OORVEEG:** Iemand 'n oorveeg (-vyg) gee: Iemand 'n klap gee: To give a person a box on the ear.
- OOS:** Oos, wes, tuis bes: 'n Mens se eie huis is maar die beste plek op die wêreld: There is no place like home; home sweet home; east, west home's best.
- OOSTEWIND:** Die man sal van die oostewind moet lewe: Hy het niks om van te lewe nie: As poor as a church mouse.
- OPDOK:** Iemand moet opdok: Hy moet betaal: He has to pay.
- OPDONS:** Iemand opdons: Iemand slaan of opdruk: To give a good hiding or to rebuke.
- OPDRAAND:** Dit maar opdraand kry: Dit maar swaar kry: To have a hard time.
 Hoe steiler die opdraand, hoe nader aan die end: As 'n mens hom baie moet inspan dan kry hy gou klaar: It's darkest just before dawn.
- OPGANG:** Opgang maak: Naam maak: To become popular.
- OPGESKEEP:** Opgeskeep sit met iets of iemand: Nie van iets of iemand ontslae kan raak nie: To be saddled with.
- OPKUIL (OPKYL):** Iemand opkuil (opkyl): Iemand straf of berispe: To punish or rebuke.
- OPROERIG:** Moenie hulle oproerig maak nie: Moenie hulle kwaad maak nie: Don't kindle the fire.
- OPSAAL:** Iemand met werk opsaal: Hom baie werk gee: To pile work on someone.
- OPSKEP:** Opskep loer: Met etenstyd by iemand aankom: To visit people at mealtimes.
- OPSKIET:** Ons skiet goed op: Ons gaan goed vooruit: We are progressing favourably.
- OPSKRAAP:** Iemand opskraap: Iemand dwing om te betaal: To force someone to pay (his debts).
- OPSKROEF:** Iemand opskroef (opskraap): Hom dwing om sy skuld te betaal: To press a person to pay his debt.
- OPSKUIF:** Trou: To get married.
- OPSLAE:** Iemand slaan dat hy opslae maak: Hom geweldig slaan: To give someone a severe hiding.
- OPSLUIT:** Iets opsluit hê: Met alle geweld iets wil hê: To be determined on.
- OPSPOOR:** Iemand opspoor: Iemand soek: To trace somebody.